

Hoofstuk van die dag: Ester 7

> *Hulle het Haman toe opgehang aan die galg wat hy vir Mordegai laat bou het. (vers 10)*

Die uitkoms van die tweede banket lyk vir ons heel voorspelbaar. Haman het sy hand oorspeel, en nou moet hy boet. Maar as ’n mens na hoofstuk 1 terugblaai en sien hoe wispelturig die koning was en hoe hy hom aan sy neus laat lei

deur sy raadgewers, besef jy eers regtig hoe delikaat die situasie was, en hoe fyn Ester moes trap om alle blaam van die koning weg te hou. Hy was mede-verantwoordelik vir die dilemma waarin Ester en haar mense hulle bevind het (Ester 3:10-11), maar sy durf dié feit nie na vore laat kom nie. Die koning kon netsowel in hierdie geval ook sy amptenaar bo sy vrou verkies. Ester was egter baie goed voorberei vir die gesprek en het haar woorde noukeurig gekies.
Die Heilige Gees, oftewel die wysheid van Bo soos Jakobus skryf (Jak 3:17), help ’n mens om nie in te storm in ’n saak nie, selfs al weet jy die reg is aan jou kant. Menige saak is al beduiwel omdat mense nie biddend-afhanklik van die Gees optree en praat nie.
Biddend leef en fyn luister. Dis hoe ons moet leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026